Piekniek by Hangklip deur Kerneels Breytenbach.
Die Burger en *Beeld*, Oktober 2011

Breytenbach se nuwe roman is, volgens die titelbladsy, "Geskryf in Vae Navolging van die Styl van Henry Fielding, Outeur van Joseph Andrews." Nou, Fielding, een van die vroeë vaders van die Engelse roman, het homself mildelik veroorloof om kommentaar te lewer op sy karakters en gebeure, soveel so dat Fielding self, of dan sy verteller- persona, een van die meer opsigtelike teenwoordighede in die roman is.

So ook met Breytenbach. Hy bemiddel konstant tussen sy karakters en die leser: "Maar, en ek sal nie die eerste wees wat dit sê nie, 'n mens is maar 'n mens", sê hy, gemoedelik-filosofies, verdraagsaam, deur niks verbaas of onthuts nie; Breytenbach boots die Fielding-styl bedrewe na.

Maar daar hou die ooreenkomste op. Fielding se Joseph Andrews was 'n voorbeeldige, kuise jong man wat heeltyd moes keer vir sy wickets by aristokratiese dames wat hom van sy kuisheid wou bevry. Breytenbach se eweknie, ene Joshua Gumbo, is 'n motorkaper wat 34 mense doodskiet in die loop van die roman (of so vertel die flapteks ons: ek het nie getel nie), en sy massiewe bedeeldheid vryelik deel met wie-ook-al. Kuisheid is nie sy prioriteit nie.

Wat wel sy prioriteit is, is sy mojo, wat hy verloor as hy per ongeluk gesoen word deur ene Sonja Griessel, die dogter van twee van sy slagoffers. Die res van die boek word gewy aan Joshua se soeke na sy verlore mojo, agter Sonja aan, heelpad af Overstrand toe, na Bettysbaai om presies te wees. Die Soektog van die Held, soos elke storieverteller weet, is 'n oer-oue argetipe, en alhoewel Joseph se mojo nie eintlik die Heilige Graal is nie, neem hy dit heel ernstig op: "Hy verwonder hom aan die krag van die mojo. Dit moet iets wees soos die Heilige Gees waarvan sy ma altyd gepraat het – iets onsigbaars binne mens, iets wat almal het, en ons die krag gee om te oorleef."

Maar is die soeke na 'n mojo genoeg om 'n 500-bladsy roman op dreef te hou? Breytenbach skyn himself ook die vraag te vra, welisiwaar effens laat, op bladsy 505: "Kom, laat ons die skanse sak en vra die vraag wat ons uit die staanspoor gekwel het: Was dié lyding [van Joshua] kitsch?"

Dan vertroos hy homself en sy leser: "As ons aanvaar dat Sonja met een onbeplande soen Joshua se mojo buitgemaak het, en dit onwetends teruggegee het, kan ons met gerustheid aanvaar dat niks in Joshua se lewe kitsch was nie."

Wel, elke leser sal vir homself of haarself besluit. Joshua se mojo is wat Alfred Hitchcock 'n MacGuffin genoem het, 'n voorwerp, onbelangrik in sigself, wat die storie en die karakters aan die gang hou.

En Breytenbach se storie loop soos ‘n stoomtrein anderkant De Aar. Afgesien van die 34 moorde, verskeie kapings en huisbrake en ‘n hermafrodiet in ‘n stoombad, is daar (natuurlik) ‘n hele paar maaltye, ‘n resep of twee, baie uitgelese wynkeuses, priemende kritiek op strandhuis-ontwerp in die Overstrand, twee vrome groenteventers, ‘n drietal ‘jagsgatte’ met hulle gesamentlike oog op die heldin, ‘n tweetal orgaanstropers, ‘n filosofiese argitek en les bes, volop seks. As julle gedink het Bettysbaai het net pikkewyne en perlemoen, lees hierdie boek.

Daar is ‘n hele paar speletjies hier aan die gang. Hou maar die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* byderhand, en moenie verwag om alles daar te vind wat jy hier teekom nie. En die *Groot Verseboek* is ‘n subliminale teenwoordigheid: letterkunde-gurus sal dit geniet om die verwysings te eien.

Een van die rustiger kwellinge van die boek is die kwessie van vorm en chaos. As ek dit reg verstaan, is die vraag watter vorm nog moontlik is, in die letterkunde of elders, gegewe die chaos waaraan geloofwaardige vorm gegee moet word? En weereens is dit asof Breytenbach die leser se beswaar antisipeer: watter samehang is daar in hierdie geroesemoes van gebeure en van mense wat kom en wat gaan?

Dalk is samehang nie meer nodig nie, is dit self ‘n vervalsing van die wêreld waarin ons lewe. Maar as outydse leser kriewel ek soms as die storie sy draai té wyd neem, homself te veel vryheid toe-eien. Meer spesifiek: daar is ‘n baie lank-uitgerekte ete in ‘n restaurant genaamd Siniqua. Dit gee vir Breytenbach die geleentheid om stoom af te blaas oor peperduur restaurante wat vir mens skuim in plaas van kos voorsit, en ek is dit roerend met hom eens; maar dan kry ons ‘n twintig-bladsy bespreking van ‘n bemagtingingskema naby Greyton en Genadendal wat op aarde niks te doen het met die res van die storie nie, en eintlik in ‘n heel ander register beweeg. Die effens oorblufte leser vind wel onder die Erkennings uit dat hierdie gedeelte die skrywer se hulde is aan ‘wyle Kobus Pienaar, daardie onkorrumpeerbare vegter vir die regte van onderdruktes in Suid-Afrika.’ En ja, wie sal wil stry met sulke welverdiende piëteit? Maar die hardhartige resensent wil tog wonder of die huldeblyk werklik hier hoort.

Maar dit daar gelaat. *Piekniek by Hangklip* is ‘n oordadige, baldadige, balhorige aanslag op preutsheid en pretensie. Ontspan en geniet dit.